

HERLEWING IN DIE WERKPLEK

Etiek en integriteit

Laat onskuld en opregtheid oor my die wag hou...

(Psalm 25:21)



24-7 GEBED VIR HERLEWING 26 OKTOBER – 1 NOVEMBER 2026

HERLEWING IN DIE WERKPLEK *Etiek en integriteit*

Laat onskuld en opregtheid oor my die wag hou... (Psalm 25:21)

In 2 Kronieke 7:14 vind ons 'n oproep tot nederigheid, gebed, bekering en volkome toewyding aan God. Hierdie Skrifgedeelte herinner ons daaraan dat verandering begin wanneer God se mense hulle harte na Hom toe draai. Wanneer harte hulle in bekering tot God wend, kan Sy vernuwende werk verder strek as individue en ook gemeenskappe en nasies aanraak.

Een gebied waar hierdie verandering dringend nodig is, is die werkplek. Wanneer integriteit prysgegee word en persoonlike gewin belangriker word as wat reg is, kan korrupsie wortel skiet. Die gevolge strek veel verder as die ekonomie: dit ondermyn vertrouwe, verswak instellings, buit kwesbares uit en benadeel die welstand van gemeenskappe.

Stel jou 'n sakewêreld voor waar werkgewers en werknemers bekend is vir eerlikheid, integriteit, regverdigheid en verantwoordbaarheid; waar besluite nie deur hebsug of persoonlike gewin gedryf word nie, maar deur wat reg en eerbaar is. Sulke verandering begin in die mens se hart en net God kan dit teweegbring.

Hierdie week vra ons die Here om herlewing in die werkplek te bring – om harte te verander, integriteit te herstel en mans en vroue op te rig wat Hom sal eer in hulle werk en in die wyse waarop hulle sake doen.

MAANDAG 26 OKTOBER 2026

VERANTWOORDBAAR TEENOOOR DIE HERE

Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie... (Kolossense 3:23).

God wat voorsien, dankie vir die voorreg om U verteenwoordigers in die werkplek te wees. Ons wy ons daaglikse take, projekte en werk aan U toe. Ons bely dat ons soms in die versoeking kom om bloot ons werkgewers te beïndruk, net vir die skyn te werk of selfs deur persoonlike gewin gemotiveer te word. Nederig vra ons U genade om met ywer te werk, as 'n daad van aanbidding en tot U eer!

Stof tot nadenke:

Weerspieël die manier waarop ek werk my volkome toewyding aan God, selfs wanneer niemand my sien of my moeite raaksien nie?

Onophoudelike gebed:

Here, hier is ek. Gebruik my tot U eer.

DINSDAG 27 OKTOBER 2026

INTEGRITEIT EN REPUTASIE

'n Goeie naam is meer werd as groot rykdom, die goeie gesindheid van ander meer as silwer en goud. (Spreuke 22:1).

Goeie Vader, vergewe ons dat ons soms materiële gewin nastreef eerder as om 'n goeie naam te waardeer en met integriteit voor U te wandel. Help ons om deur etiese optrede, gegrond op die beginsels van U Woord, 'n goeie naam op te bou. Ons kies 'n Christusgesinde karakter en betroubaarheid bo finansiële gewin wat deur kompromie verkry word.

Stof tot nadenke:

As ander my karakter sou beoordeel volgens die manier waarop ek werk en sake doen, watter reputasie sou ek hê?

Onophoudelike gebed:

Here Jesus Christus, vorm my karakter om U karakter te weerspieël.

WOENSDAG 28 OKTOBER 2026

INTEGRITEIT IN KLEIN DINGE

Wie in die kleinste dinge betroubaar is, is ook in die groot dinge betroubaar; en wie in die kleinste dinge oneerlik is, is ook in groot dinge oneerlik. (Lukas 16:10).

Ons volmaakte Vader, dankie vir die klein en alledaagse take in die werkplek. Vergewe ons wanneer ons kla oor take wat klein en onbelangrik lyk. Help ons om in alles getrou en toegewyd te wees. Help ons om verantwoordelikheid vir ons besluite en optrede te aanvaar, ons foute te erken en die nodige stappe te neem om dit reg te stel.

Stof tot nadenke:

Wys die klein besluite wat ek elke dag neem dat ek iemand is wat met groter verantwoordelikheid vertrou kan word?

Onophoudelike gebed:

Die Here is getrou. Hy sal my versterk en my van die bose bewaar.

THURSDAY 29 OCTOBER 2026
HEBSUG EN FINANSIËLE INTEGRITEIT

Geldgierigheid is 'n wortel van allerlei kwaad. (1 Timoteus 6:10).

Algenoegsame God, help die Hoof Finansiële Beamptes (HFB's) van invloedryke maatskappye in ons land wat by internasionale handel betrokke is, om hebsug, korrupsie en onetiese beïnvloeding in hulle saketransaksies te weerstaan. U wat harte en gedagtes deursoek, kom in U genade en krag en maak ons vry van die liefde vir geld. Leer ons om getroue rentmeesters te wees van die hulpbronne wat U aan ons toevertrou en om dit tot voordeel en voorspoed van ons land aan te wend.

Stof tot nadenke:

Wat beïnvloed my die meeste wanneer ek finansiële besluite neem: die begeerte na wins of die begeerte om God te eer?

Onophoudelike gebed:

Die Here is my Herder; niks sal my ontbreek nie.

VRYDAG 30 OKTOBER 2026

EERLIKHEID

Laat julle 'ja' eenvoudig 'ja' wees en julle 'nee', 'nee'. Wat meer gesê word as dit, kom van die Bose. (Matteus 5:37).

Ons Here, wat Getrou en Waaragtig genoem word en regverdig en waaragtig is in al U weë, ons verootmoedig ons voor U en pleit vir U genade oor elke werkplek in die stede van ons land. Laat liefde en trou ons entrepreneurs en kleinsake-eienaars nooit verlaat nie. Mag hulle woorde, optrede en die begeertes van hulle harte opreg en waar voor U wees.

Stof tot nadenke:

Is ek eerlik en duidelik in my saketransaksies, of gebruik ek soms woorde om iets weg te steek, te oordryf of ander te mislei?

Onophoudelike gebed:

Ek sal die Here liefhê en die kwaad vermy.

SATERDAG 31 OKTOBER 2026

ETIESE LEIERSKAP

Verder moet jy onder die volk bekwame manne uitsoek, dienaars van die Here, mense wat die waarheid liefhet en nie hulle eie voordeel soek nie. Dan moet jy hulle oor die volk aanstel as leiers oor duisend, oor honderd, oor vyftig en oor tien. (Eksodus 18:21).

Opperherder, U wat met volmaaktheid lei en die Bron van alle wysheid is, ons bely ons selfgenoegsaamheid en selfvertroue. Vergewe ons dat ons vergeet dat al ons vaardighede, prestasies en erkenning tot U eer behoort! Herstel die vrees van die Here, liefde vir die waarheid en 'n afkeer van hebsug in die harte van alle toesighouers, spanleiers en junior bestuurders in ondernemings.

Stof tot nadenke:

Wanneer ek mense vir verantwoordelike posisies kies, ag ek 'n godvresende karakter net so belangrik soos bekwaamheid en ervaring?

Onophoudelike gebed:

Leer my om U te vrees, o Here.

SONDAG 1 NOVEMBER 2026

AANSPREEKLIKHEID: 'N WAARBORG VIR INTEGRITEIT

Maar Saggeus het opgestaan en vir die Here gesê: "Here, ek gaan die helfte van my goed vir die armes gee, en waar ek iets van iemand afgepers het, gee ek dit vierdubbel terug." (Lukas 19:8).

Genadige Here, dankie vir U vernuwende krag wat harte kan verander. Ons buig in nederigheid voor U en bid vir aanspreeklikheid ten opsigte van alle finansiële rekords en ander hulpbronne in die werkplek. Ons bid vir etiese sakebeleide in elke werkplek wat aanspreeklikheid bevorder en duidelike prosedures daarstel om verkeerde optrede reg te stel en sodoende integriteit en 'n hart vir geregtigheid te weerspieël.

Stof tot nadenke:

Is daar enigiets in my saketransaksies wat ek moet erken, regstel of herstel?

Onophoudelike gebed:

Here, ek kies om U te volg.
